**Vors**

# Les 6:

# Gehoorsaam aan die Koning

## Doel:

Kinders moet besef dat 'n mens aan 'n Koning gehoorsaam moet wees net omdat hy Koning is en dat die baba -Jesus ook Koning is.

## Hulpmiddels:

1. Karton krone (1 groot kroon & kleiner krone drie per kind) & dobbelsteen
2. Bruin papier, verf, koki penne en kleeflint

## Inleiding:

Die koning se wynvat:

'n Koning het sy wynlande aan 'n klomp onderdane verdeel en hulle toestemming gegee om dit te boer. Al wat hulle moes doen, was om aan die einde van die jaar 'n bottel van hulle beste wyn vir die boer in sy groot wynvat te kom gooi. So sal hy genoeg wyn vir die res van die jaar hê. Een van die boere het egter gedink dat hy nie sy goeie wyn vir die Koning gaan gee nie en het gedink dat niemand gaan agterkom as hy 'n bottel water in die groot wynvat gaan gooi nie. Aan die einde van die oes het die Koning sy onderdane geroep en hulle meegedeel dat hy hulle voorreg van boer gaan wegneem en toe tap hy uit die wynvat voor hulle oë vir hom wyn en tot almal se skande was dit suiwer water wat hy getap het. Al die boere het soos die een boer gedink en nie die Koning gehoorsaam nie.

## Speletjies:

Speletjie van die Koning:

Dit werk amper soos "musical chairs". Sit 'n stoele (as alternatief kan klippe of papier gebruik word) in 'n sirkel, maar by een van die stoele 'n papierkroon. Laat die kinders agter die stoele in die rondte loop en as die musiek stop (jy kan as alternatief ook sommer jou hande klap) moet hulle op die stoele gaan sit.

Die een met die kroon sit dit op sy/haar kop en gaan dan in die middel staan. Hy/sy kan dan enige opdrag aan die groep gee wat hulle MOET doen (binne perke wat jy bepaal) bv. Raak aan jou klein toontjie. Vat aan jou rug ens. Laat hulle weer in die rondte loop en herhaal die proses 'n klomp keer. Dit leer die kinders dat die Koning die reg het om opdragte te gee en dat die onderdane dit MOET gehoorsaam.

## Alternatiewe speletjie

Maak 'n groot kroon van papier en 'n klompie kleiner krone van verskillende kleure. Die "koning" staan op die groot kroon in die middel van al die kleiner krone wat rondom die groot kroon op die vloer uitgepak is. Die kleure word gekoppel aan die syfers op die dobbelsteen bv. no 6 - groen, no 5 – rooi. Die "koning" rol die dobbelsteen en roep die kleure uit. Die kinders moet probeer om gelyktydig met hulle hande en voete op die krone te staan (gebaseer op die Twister speletjie). Sodra iemand omval kan die volgende "koning" 'n beurt kry.

## Les:

Aan die einde van Koning Dawid se lewe hou hy sy slottoespraak: Lees dit uit 1Kon. 2:1-3

Daar gee hy net een boodskap op meer as een manier vir die volk Israel. Wees gehoorsaam aan die Here.

Hou jou by sy reëls: Leer vir die kinders dat daar verskillende tipes reëls is

1.Lewe en dood bv. stop by rooi lig/stopstraat, geen dwelms gebruik, pasop vir bloed of vuil spuitnaalde ens.

2. Orde reëls bv.: Hang jou nat handdoek op, hang jou klere op, gee vir die hond kos ens.

3.Detail reëls bv. Loop regop, eet toemond, vee jou hare uit jou oë uit.

## Toepassing:

Gee die kinders geleentheid om te reageer hoe hulle gehoorsaam kan wees aan God, hul ouers en onderwysers.

## Aktiwiteite:

Laat die kinders geskenke bring vir minder bevoorregte kinders. (Dis wat die Koning sou doen)

Laat hulle al hulle bruinpapier versier met verf, viltpenne (kouki's) of stempels. Daarna kan hulle die geskenke daarin toedraai.

## Slot:

Sluit af met 'n speletjie: "Koning kan ek op reis gaan?"

Die kinders staan almal in 'n reguit ry langs mekaar so 20 meter van die "koning" af. Wanneer daar te veel kinders is, maak sommer groepies kinders deur hulle te verdeel in Maandag, Dinsdag, Woensdag ens. Elke kind (groep) vra die koning: "Koning, koning kan ek op reis gaan?" waarna die koning kan antwoord: Nee of op welke manier dit vir hom goed klink bv. babatreetjies, sambreeltjies of tot-in-jou-ma-se-kombuis. Hier verteenwoordig elke lettergreep 'n tree.

Aan die begin het ons aangesluit by die skaapwagtertjie Dawid en ons sluit af met die skaapwagters wat ook in die veld dadelik die Here gehoorsaam en aan die baba-Jesus kom hulde bewys.